Belanghebbendes werk saam teen uitbreking van siektes

DIE nasionale dieregesondheidsforum het daarin geslaag om al die belanghebbendes om een tafel bymekaar te bring om die gesondheidstatus van die nasionale veekudde te bevorder en te verbeter, het mnr. Gerhard Schutte in sy voorsittersverslag op die forum se jaarvergadering gesê. Hy het gesê vennootskappe tussen die private sektor en die regering is ingestel om veterinêre dienste en die nakoming van dieregesondheidstandaarde op nasionale en provinsiale vlakke te verbeter. Volgens hom is daar nou 'n benadering van opbouende betrokkenheid en skakeling tussen die private sektor en die regering.

Volgens Schutte sal 'n nuwe webtuiste binnekort bekend gestel word met nuwe promosiemateriaal, terwyl die logo ook vernuwe is. 'n Spesiale poging sal aangewend word om promosiemateriaal onder die provinsies te versprei.

Die forum het homself daartoe verbind om voort te gaan met beter kommunikasie, die uitruiling van inligting en die verspreiding van tersaaklike dieregesondheidsake onder alle lede en belanghebbendes.

Die dieregesondheidsforum het stewige verhoudings gebou met die amptenare van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling se direktorate van dieregesondheid, openbare veterinêre gesondheid, die eenheid vir in- en uitvoerbeleid en diereproduksie, asook die nege provinsiale departemente van landbou. Groot vordering is gemaak met die voorsiening van kollektiewe aanbevelings tot die ministeriële tegniese taakspan vir diere-biosekerheid, het Schutte gesê.

Die bestuurskomitee vir bek-en-klouseer en die provinsiale gesamentlike bedryfskomitees is besig om aanbevelings saam te stel om die huidige verspreiding van die siekte hok te slaan.

Die imbizo-span vir bek-en-klouseer het vergaderings in Limpopo en Mpumalanga gehou. Die besprekings van dié vergadering sal gebruik word om 'n plan op te stel om die marktoegang van diere-eienaars in die bek-en-klouseer beheergebiede te versterk.

Die skakelvergaderings tussen die departement en die forum wat vier keer per jaar met die direktoraat van dieregesondheid en produksie en die direktoraat van openbare veterinêre gesondheid gehou word, word goed bygewoon deur alle belanggroepe.

Schutte het gesê me. Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, skakel gereeld met die nasionale dieregesondheidsforum en erken dit as die bedryf se verteenwoordiger vir dieregesondheid. Verskeie vergaderings is met haar belê om siekte-uitbrekings te bespreek, terwyl daar ook gereeld met die direkteur-generaal vergader word. Volgens hom word die vergaderings van die dieregesondheidsforums in al nege provinsies goed bygewoon. "Die verhoudings tussen die provinsiale voorsitters en die direkteur van dieregesondheid in elke provinsie is prysenswaardig."

Die bestuur van die forum is verantwoordelik vir die sekretariaat en is verteenwoordig in die komitee van lewendehawe-identifikasie en naspeurbaarheid-stelsel (LITS SA). Die forum het versoeke ontvang om die aanstelling van personeel te oorweeg wat data van huidige gidsprojekte wat tans in die bek-en-klouseer beheerde gebiede gedryf word, kan vasvang.

Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klouseer is geïdentifiseer as die nasionale dieregesondheidsforum se voorrangsaak.

BEK-EN-KLOUSEER VERSPREI

Tydens die verslagperiode het bek-en-klouseer verder binne Limpopo, Gauteng, Noordwes en die Vrystaat versprei. Gesamentlike komitees is in die meeste van dié provinsies daargestel om die probleem te bestuur en die nasionale dieregesondheidsforum was baie betrokke by die proses.

Dit is nou duidelik dat Suid-Afrika se status as vry van bek-en-klouseer in heroorweging geneem word om die verhoudings met sy handelsvennote te verbeter. Die beginsel van wyer, selektiewe inenting behoort ook aandag te geniet, asook die produksie van sy eie entstowwe vir bek-en-klouseer, het Schutte gesê.

ENTSTOWWE

Daar was ernstige tekorte aan sommige van die entstowwe wat net deur Onderstepoort Biologiese Produkte vervaardig word. Die forum het probeer om die situasie met behulp van 'n regsmening te beredder. Die betrokkenheid van die private sektor is vergroot en verskeie entstowwe is ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947) geregistreer, wat baie bemoedigend is.

Verskeie uitbrekings van Afrika-varkpes het voorgekom en die provinsiale dieregesondheidsforums het aandag daaraan geskenk. Dieselfde geld voëlgriep. Dit is die forum se benadering om die kommoditeitorganisasies te betrek in die stryd teen hierdie siektes.

Daar sal binnekort met buurlande geskakel word oor dieregesondheidskwessies, veral met Botswana en Namibië.

Die meesterplan vir die landbou en landbouverwerking het aangedui dat daar groot potensiaal vir die skep van werk binne die veebedryf is, wat 50% van die landbou se bruto binnelandse produk verteenwoordig.

Die bestuur van dieresiektes word as uiters belangrik beskou. "Dit is nou duidelik dat die oplossings vir talle probleme in private en openbare vennootskappe opgesluit is," het Schutte gesê. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**